PARKIELAND RIGLYNE VIR 2022

U word vriendelik versoek om hierdie riglyne te ondersteun:

1. **TOELATING:**
   - Kleuters word eers toegelaat vanaf die jaar wat hulle 3 word.
   - Die volgende dokumente saam met die Inskrywingsvorm is nodig vir toelating:
     - Kopieë van beide **biologiese ouers** se identiteitsdokumente.
     - Bewys van residensiële adres (Bv. Munisipale rekening).
     - Afskrif van leerder se onverkorte ("unabridged") Geboortesertifikaat.
     - Afskrif van kleuter se Immuniseringsertifikaat.

2. **SKOOLTYE:**
   - Aankomstyd: vanaf **7:00 tot 8:30**. Daar is daagliks 'n wagklas* vanaf 7:00 tot 7:30.
   - Vertrektyd: vanaf **12:30 tot 13:30** (halfdag). Naskoolure is **12:45 tot 17:30**.
   - Ouers wat nie by hierdie tye hou nie, werk steurend in op ons opvoedkundige program.
   - *Die rooi appelmannetjie wat aan die klas se naambord hang dui aan watter klas die vroëe klas is. Alle vroeë kleuters moet by die vroeë klas afgegee word. Geen kleuter/ouer mag in 'n ander klas wag vir hulle klasonderwyseres nie. Die 2–3 jariges word by hulle eie klas afgegee.
   - *Om 07:30 is al die onderwyseresse in hul klasse, en sal hulle die kinders by die wagklas afhaal.
   - Tussen 12:45 en 13:00 beweeg die Nasorgkleuters na ons eie Nasorgsentrum. Die 2–3 jariges bly in hulle eie klas.
   - Teen 13:30 moet alle halfdagkleuters asseblief afgehaal wees.
   - Vakansies stem ooreen met die van Gautengse skole.

***Gedurende die Covid-tyd ontvang alle personeel hulle kinders om 07:00 in hul eie klasse, en is daar nie wagklasse nie.**

3. **SKOOLGELD:**
   - Skoolgelde soos hieronder aangedui is vir 2022.
   - 'n **Registrasiefooi van R800** moet u kleuter se aansoekvorm vergesel. Hierdie fondse sluit 'n Parkieland T-hemp, 'n rugsak en kunsbenodigdhede in. **(Fooi is nie terugbetaalbaar nie.)**
   - **<u>Halfdag:</u> R2 856 pm per kleuter oor 11 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Nov 2022 (R31 416 pj) of**
     R2 618 pm per kleuter oor 12 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Des 2022 (R31 416 pj)
   - **<u>Voldag:</u> R4 411 pm per kleuter oor 11 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Nov 2022 (R48 516 pj) of**
     R4 043 pm per kleuter oor 12 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Des 2022 (R48 516 pj)
   - **Betaaldatums:**
     - Fooie is streng vooruitbetaalbaar.
     - Voor die **7e** van elke maand.
   - **Kontantlose skoolomgewing:**
     - FEDSAS is die Nasionale Verteenwoordigende Organisasie van Beheerliggame en moedig skole aan om ter wille van 'n veilige skoolomgewing, alle betalingstransaksies kontantloos te doen.
     - Van nou af kan u alle fooie bv. besoeke, uitstappies, ad hoc fooie, vakansieskool, waterfooie ens. elektronies betaal.
     - U gaan egter die bewys van betaling vir die klasonderwyseres moet indien vir alle betalings wat **<u>NIE</u>** skoolfooie is nie.
     - Die bewyse van skoolfooie word gestuur aan: <u>finansies@menlolaer.co.za</u>, alle ander betalingsbewyse word aan klasonderwyseresse gegee. Die personeel gaan steeds in die betalingsregister afmerk wanneer sy u bewys van betaling ontvang het.

- **U gaan as verwysing u <u>familiekode, en die projeknommer</u> moet gebruik sodat alle betalings korrek geallokeer kan word.**
  (Die projeknommer word aan u gekommunikeer deur middel van die Nuusbrief.
- **Debietorders/Elektroniese betalings**:
  - Ons bankbesonderhede is:
    Laerskool Menlopark, ABSA Takkode: 632 005, Tjekrekening, Rekeningnommer: 540 540 020
  - Stuur die betalingsbewys na finansies@menlolaer.co.za
- **Agterstallige skoolgeld:**
  - Geen uitstel kan verleen word nie – indien u langer as 'n week agterstallig is, sal u versoek word om u kleuter by die huis te hou tot die volle bedrag vereffen is.
  - U kleuter se plek kan slegs vir 2 weke gehou word.
- **Verhuisings:**
  - Kleuters wat die skool verlaat se ouers moet asseblief **een kalendermaand skriftelik kennis** gee.
  - Onthou asseblief om u kleuter se kunswerke saam te neem.
- **Byhou van persoonlike besonderhede:**
  - Indien u adres, telefoonnommer of enige ander besonderhede verander moet u die Adminkantoor en onderwyseres dadelik in kennis stel.

4. PARKIELAND NASORGSENTRUM:

- Tye: Vanaf **12:45 – 17:30.**
- 'n **Aansoekvorm** moet voltooi word.
- Kleuters mag nie na 17:30 gehaal word nie - 'n boete van **R100** sal daagliks gehef word.
- **Ontbytpap, middagetes, asook 'n laatmiddag toebroodjie** word voorsien aan die kleuters wat **voldag** ingeskryf is.
- Die vierjarige- en vyfjarige kleuters rus vir 'n uur na middagete. *Matrassies, kussings en komberse word deur die skool voorsien.
- Die 2–3 jariges ontvang toesig in die Lammetjieklas, en rus vanaf 12:00 tot 13:15. *Alle beddegoed en matrassies word verskaf.
- *Kleuters moet asseblief persoonlik by die nasorg-onderwyseres gehaal word.
  ***Gedurende die Covid-tyd bring kinders hul eie beddegoed. Ouers moet ook by die hek wag, die Naskoolpersoneellid bring die kinders hek toe.**

5. AD HOC NASORG:

- Enige kleuter mag voldag bly mits reëlings vooraf met die klasonderwyseres en die kantoor getref word.
- Kleuters wat net af en toe kom, moet self vir middagete sorg – pak asseblief 'n **ekstra kosblik** in.
- Koste vir ad hoc nasorg beloop **R120 per middag** en 'n **aansoekvorm** moet voltooi word.

6. VAKANSIESORG:

- Vakansiesorg is beskikbaar vir **voldag-kleuters**.
- Uit ondervinding sien ons dat kleutertjies ook 'n breuk in hulle dag-tot-dag skoolroetine benodig.
- Tog is daar ouers vir wie dit nie moontlik is nie, en is u dan welkom om u kleuter vir vakansiesorg te registreer.
- U kleuter moet vir elke vakansie geregistreer word.
- 'n Registrasiefooi van **R200 per kleuter per week** sal gehef word.

7. BENODIGDHEDE:

- U kleuter het die volgende nodig:
  - 'n Kosblik **wat maklik deur u kleuter oop en toe gemaak kan word**.
  - 'n Toedruk-botteltjie met water of sap.
  - LET WEL: Geen tasse – rugsakkies word verskaf.
- 'n Ekstra stel klere vir **al** die vier- en vyfjariges.
- 2 Ekstra stelle klere vir die 2–3 jariges.

- Die 2–3 jariges moet asseblief 5 doeke per dag of onderbroekies tydens potty training per dag stuur, eie boudjiesalf, plastieksakkies vir doeke en wet-wipes, gemerk asseblief.

8. VERVERSINGSTYD:

- Al die 2–3 jariges ontvang 'n bordjie pap soggens vanaf 7:50 tot 8:10. Ander ouers wat wil hê hulle kinders moet 'n bordjie pap ontvang om 8:00 sal op 'n ontbytlys geplaas word. Alle kleuters het 'n vroegoggend verversingstyd, en daarvoor moet u 'n kosblikkie inpak.
- Dis **nou** die beste tyd om gesonde eetgewoontes by u kleuter te vestig.
- Te veel suiker lei tot verhoogde suikervlakke en energievlakke en vermindering in konsentrasie.
- Stuur asseblief vir u kleuter 'n kosblik met **gesonde** eetgoed saam, 'n paar voorstelle:
  - 'n Vrug of gedroogte vrugte
  - 'n Toebroodjie, verkieslik bruinbrood
  - 'n Kaaswiggie, wortelrepies
  - Joghurt
  - 'n Houertjie sap of gegeurde melk of toedruk-botteltjie met water of sap. (Geen gaskoeldrank of energiedrankies nie.)
  - **Geen lekkernye of soetgoed nie** (geen ontbytstafies, muffins, koekies bv. Marie, droëvrugte met suiker om nie), of skyfies nie.
- Die 2–3 jariges drink nie meer melk voor slapenstyd nie, en ons moedig ouers aan om slegs drinkbotteltjies en nie tietiebottels nie, skool toe te stuur.
- Geen geld mag gestuur word sodat kleuters 'n broodjie by die snoepie kan gaan koop nie. U sorg asseblief self dat u kleuter iets te ete saambring, of reël self met die snoepie om 'n broodjie te stuur.
- Lekkernye is slegs toelaatbaar met verjaarsdae. Daar moet vooraf met die klasonderwyseres gereël word.
- **Meld asseblief alle allergieë aan.**

9. KLERE EN VOORKOMS:

- Klere, skoene, koeldrankbotteltjies en kosblikke moet asseblief duidelik gemerk word.
- Trek gerus vir u kleuter ou klere aan, aangesien morsaktiwiteite belangrik is vir u kleuter se ontwikkeling.
- Kleuters word aangemoedig om kaalvoet te loop.
- Platvormskoene en **hoëhakskoene** word nie toegelaat nie, dit is baie onprakties en beperk die kleuter se bewegings-moontlikhede.
- Moedig u kleuter aan om altyd besittings in hulle eie, persoonlike laai te bêre.
- Hou die "verlore klere"-rak dop.
- Ons vra baie mooi dat kleuters nie fantasieklere bv. Spiderman, ens. skool toe sal aantrek nie.
- Seuns se hare moet netjies wees, en geen "Mohawk" haarstyle nie, asseblief.
- Ons moedig dit aan dat kleuters op Vrydae hulle Parkieland t-hempies skool toe aantrek.
- **Geen bel-horlosies word toegelaat nie.**

10. SPEELGOED:

- Geen speelgoed mag saamgebring word nie. (Speelgoed raak weg, breek en veroorsaak onenigheid.)
- Indien van die skool se speelgoed by die huis aankom, stuur dit asseblief terug.

11. GESPESIALISEERDE AKTIWITEITE:

- **Gr 00 en Gr 000** kleuters kan uit die volgende **addisionele gespesialiseerde aktiwiteite** kies:
  - **Buite-speeltyd van 11:00 tot 12:00**: RDS Rugby, Playball, Gholf, Dans Muis, Pottebakkery, Wetenskap, Tennis, Judo en EQ4Kids
- Bogenoemde aktiwiteite word op vasgestelde dae by Parkieland aangebied.
- Maak seker dat u die **inskrywingsvorm** van elke aktiwiteit voltooi en voor Februarie ingee – maak asseblief van die **posbusse** in die kas langs die kombuis gebruik om met die afrigters te kommunikeer.

- U korrespondeer direk met die afrigters aangaande inskrywings en betalings – doen asseblief self kwaliteitskontrole, die afrigters sal u voorstelle waardeer.
- Verwittig asseblief u **klasonderwyseres** van die aktiwiteite waaraan u kleuter gaan deelneem.
- Stuur asseblief u kleuter se **sporttoerusting en –skoene** saam op die dag van die aktiwiteit en neem dit weer in die middag saam huis toe. Ons het ongelukkig nie spasie in die klasse om toerusting te bêre nie.
- Smeer asseblief soggens vir u kleuter **sonroom** aan, en stuur 'n **hoed** saam.

12. VERJAARSDAE:

- 'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in die kleuter se lewe en daarom sal ons u kleuter op sy/haar verjaarsdag graag spesiaal wil laat voel. Verversings mag skool toe gestuur word, maar geen formele partytjies word in skooltyd by die skool gehou nie. Geen vermaak van enige aard word toegelaat nie, bv. springkastele, waterglybane en narre.
- Bak-en-brou bestanddele is baie opvoedkundig en word sterk aanbeveel (reël asseblief vooraf met die klasonderwyseres om te hoor wat is aanvaarbaar).
- Geen ballonne, "sherbit", ysies of suigstokkies word toegelaat nie.
- Uitnodigings word slegs na huispartytjies uitgegee, nie vir die gewone klasvieringe nie.

13. KOMMUNIKASIE:

- Stel asseblief die klasonderwyseres in kennis van saamry-, afhaal- en sosiale-aktiwiteite van u kleuter.
- **Naskoolouers** moet van die boek voor die Admin kantoor gebruik maak sodat Nasorgpersoneel hulleself kan vergewis indien iemand anders u kind kom afhaal. Tydens Covid moet u die Naskoolonderwyseres per WhatsApp in kennis stel asseblief.
- **Nuusbriewe**: U sal elke Woensdag 'n elektroniese nuusbrief ontvang.

14. GESUIWERDE WATER:

- Elke klas het 'n waterstaander wat gesuiwerde water vrylik beskikbaar stel aan ons kleuters.
- Vir hierdie diens vra ons 'n eenmalige bydrae van **R130**.

15. FOTOGRAFIE:

- Daar word deurentyd foto's van die kinders geneem soos hulle aan verskillende aktiwiteite deelneem. Die foto's word op die Parkieland webtuiste (www.parkieland.co.za) afgelaai, asook op facebook en flickr.
- Dra kennis hiervan en kom bespreek dit asseblief indien u ongemaklik is hiermee. Ons verseker u dat dit baie goed bestuur word.
- Ons kan soms van die foto's gebruik as advertensiemateriaal en/of vir publikasies in koerante of tydskrifte. Vul asseblief die toestemmingsskeurstrokie daarvoor in.

16. MEDIES:

- Kleuters met **aansteeklike siektes, wat koorsig is, diarree of naarheid ondervind of kopluise het, mag nie skool bywoon nie**.
- Kleuters wat **antibiotika** gebruik moet vir **2 skooldae tuis bly**.
- **Alle medisyne** moet by die klasonderwyseres ingehandig word en in die **medisyneboek** aangeteken word, hoewel ons slegs medisyne in uitsonderlike gevalle wil ontvang vanweë die veiligheidsaspek met klein kindertjies, asook wetlike aspekte. Indien u wel medikasie skool toe moet stuur, moet u die korrekte hoeveelheid **in 'n inspuiting optrek en in 'n gemerkte plastiekbakkie plaas**. Geen bottels met medikasie mag ontvang word nie.
- Medikasie vir **allergieë**, bv. bysteek moet deur u voorsien word. Dit mag in die kantoor toegesluit word.
- Om te verseker dat ons u in 'n noodgeval vinnig kan opspoor, moet alle **veranderings van huis-, sel- en werktelefoonnommers** so spoedig moontlik by die kantoor aangemeld word.
- Indien u kleuter **se klasonderwyseres afwesig** is, sal u kleuter by 'n ander klas kuier vir die dag – die **kuier-klaslys** sal op u kleuter se klasdeur aangebring wees, of 'n aflospersoneellid sal vir die tyd diens doen.

- **Die skool mag 'n mediese sertifikaat aanvra indien twyfel ontstaan rakende 'n kleuter se gesondheidstoestand.**

17. VERTREKTYD:

- Die taalperiode eindig eers om 12:30 vir die Gr 00 en Gr 000 kleuters.
- Ons versoek dat die kleuters afgehaal sal word vanaf **12:30**. Kom haal u kleuter asseblief so stil as moontlik.
- Die 2–3 jariges se slaaptyd en toiletroetine is eers om 13:15 afgehandel. U is welkom om dan u halfdag peuter tussen 13:15 en 13:30 te kry.
- Kleuters moet deur 'n volwasse persoon gehaal word, 'n kleuter sal **nie** aan 'n Laerskoolleerder oorhandig word **nie**.
- **Tydens Covid stuur u 'n boodskap aan die klasonderwyseres om te laat weet dat u by die hek wag.**

18. KLASINDELING:

- Ouers moet asseblief nie versoeke rig nie – al die onderwyseresse is liefdevol en bekwaam en stel die kleuters se belange eerste.

19. PROBLEME:

- Ons sal alle probleme rakende u kind vertroulik en sensitief hanteer.
- Hou ons asseblief op hoogte van huislike en emosionele probleme.
- Bespreek probleme so gou moontlik met die klasonderwyseres en indien nodig met die hoof.
- Ons behou die reg voor om u te versoek dat u kleuter gehaal moet word indien hy/sy:
  - die klas ontstig,
  - ander kleuters afknou of
  - nie 'n skoon stel klere het as daar 'n "ongelukkie" gebeur nie of
  - siek of koorsig is.
- U is welkom om te kom gesels, maak asseblief net vooraf 'n afspraak, aangesien die Hoof ook 'n klas behartig.

Parkielandgroete,

RIEKIE VAN EEDEN
SKOOLHOOF

---------- skeurstrokie ----------

PARKIELAND RIGLYNE 2022

EK OUER/VOOG _____ VAN _____
(Kleuter se naam)

KLAS _____ AANVAAR HIERMEE ONGEKWALIFISEERD EN

ONVOORWAARDELIK DIE RIGLYNE EN VOORWAARDES VAN PARKIELAND EN DAT EK AS OUER/VOOG KENNIS DRA VAN DIE INHOUD.

EK, VERLEEN TOESTEMMING DAT MY KIND SE FOTO OP DIE WEBTUISTE/FACEBOOK/ANDER VORMS VAN MEDIA GEPLAAS MAG WORD.

JA / NEE

HANDTEKENING _____ DATUM _____